

**5 Julie**

**Nehemia 8:1-19**

***Geloofsgroei vra kennis, gehoorsaamheid en vreugde***

Geloof kom deur die Woord (Rom. 10:14-15). Geloofsgroei word gevoed deur ons omgang met God in sy Woord. By hierdie punt het die Here sy volk gelei. Die volk versoek Esra om aan hulle die Wet van die Here voor te lees en te verduidelik. Die hele volk het aandagtig geluister (8:4). Uit eerbied vir God se Woord het die volk opgestaan en die "grote God geprys" (7) en in aanbidding neergebuig. By die aanhoor van die Wet het die volk geweene in ootmoed. Ons ken mos ons sonde en ellende uit die Wet van God.

Nehemia het die verootmoedigende volk opgeroep om van hul knieë af op te staan en die Here in geloofsvreugde te dien. Hierna het hulle vir die eerste keer na Josua weer die Huttefees gevier. Die Huttefees was 'n fees wanneer die oes ingesamel word en ook om die woestyntog na die redding uit Egipte te vier. Die fees is gekenmerk deur offers en baie vrolikheid.

Om in my geloof te groei vra ware verootmoediging en berou. Daarsonder is totale oorgawe aan God nie moontlik nie. Gaan ek nog met 'n honger en dors om met die Woord van God? Luister ek nog na sy Wet? Lei die aanhoor van die Wet van God my tot 'n gehoorsame lewe van dankbaarheid? Is daar in my lewe geloofsvreugde oor die genade en lankmoedigheid van God? Wys my lewe die vreugde van iemand wat die Lewende God ken?

*Ons genadige God en Vader, ons loof en prys U grote Naam, ons dank U vir U lankmoedigheid en genade met ons. Ons bely voor U ons swak kennis van U Woord, ons bely dat ons nie altyd met hongerte smag na die rykdom van U Woord nie. Lei ons deur U Gees om in kennis en geloofsvreugde te groei.*

Sing Psalm 19:1,4,5,7

Ds. J.P. van der Walt (Durban)